

Druktyd (geïnspireer deur Gerrit Komrij se 52 sonnetten by het Verglijden van de Eeuw)

Ek dink daar's niks gemeet teen tyd
wat by sekond, minuut en uur
kan kers vashou - dié kommoditeit
is kosbaar dog van korte duur

Ek wou nog soveel vir jou sê
ons saamweestyd soos suinige sente
in 'n wag-'n-bietjie spaarvark lê en
jou huis-toe-gaan-treë in agteruit ente

wou gee om soos eenmaal vir Hiskía die son
agteruit teen die trappe te tel as ek kon
maar selfs protesterend leer ek mettertyd

dat 'n sterfling wat dié mallemeule kom ry
uiteindelik ook op die slakspoor sal gly
want die sleurstream van tyd is slegs een slymspoor wyd